

# GEMEENTE.

# LES 34

<b>1</b>	GEBED
----------	-------

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

<b>2</b>	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] HEBREÛRS 4 - 7
----------	------------------	-------------------------------

**Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks** wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Hebreërs 1 - 3). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

<b>3</b>	MEMORISERING (5 minute)	[SLEUTELVERSE IN JOHANNES] (14) JOHANNES 14:6
----------	-------------------------	--

**Repeteer twee-twee:**

(14) Johannes 12:32. “En as Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek.”

<b>4</b>	BYBELSTUDIE (85 minute)	[EVANGELIE VAN JOHANNES] JOHANNES 15:1-27
----------	-------------------------	--

**Inleiding.** Johannes 14 - 17 bestaan uit die gesprekke van Jesus Christus tydens die laaste paasmaaltyd. In Johannes 15 spoor Jesus Christus sy dissipels aan tot dissipelskap. Die kenmerke van 'n dissipel van Jesus Christus is: voortdurend in Jesus Christus te bly, die Woord van Christus voortdurend in jou te laat bly, te bid, mekaar (ander Christene) lief te hê, te gehoorsaam, vrug te dra en te getuig in die wêreld.

Johannes 15:1-17 is 'n **allegorie** oor die wingerdstok en die lote. Kort voor sy verhoor en kruisiging spoor Jesus Christus sy dissipels aan om in die geloof te volhard en baie vrugte wat sal hou te dra! Die wynstok was in Israel 'n simbool van vrugbaarheid (Psalm 80:9-16; 128:3; Jesaja 5:1-7; Jeremia 2:21; Esegïel 17:1-10; Joël 2:22; Sagaria 8:12; Maleagi 3:11). Gedurende die laaste paasmaaltyd met sy dissipels het Jesus Christus ook die Nagmaal ingestel en het Hy oor die vrug van die wingerdstok gepraat (Matteus 26:26-30, Markus 14:22-26; Lukas 22:14-20). Dit is dus moontlik dat Jesus Christus sy onderrig oor die wingerdstok en die lote saam met die instelling van die Nagmaal gegee het. Jesus wou dat sy dissipels agter die simbole van die eet van die brood en die drink van die wyn die werklikheid, naamlik, omgang met Jesus Christus Self, sou sien.

<b>STAP 1. LEES.</b>	<b>GOD SE WOORD</b>
<b>Lees.</b> Ons gaan Johannes 15:1-27 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

<b>STAP 2. ONTDEK.</b>	<b>WAARNEMINGS</b>
<b>Oorweeg.</b> WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? OF: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? <b>Skryf neer.</b> Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. <b>Deel.</b> Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

15:4

Ontdekking 1. Die drie belangrike verantwoordelikhede vir elke Christen.

Jesus gee drie be vele: “Julle moet in My bly!” “Julle moet mekaar liefhê!” en “ Getuig van My!” Hierdie drie be vele verdeel hoofstuk 15 in drie belangrike verantwoordelikhede vir elke Christen:

- Bly in 'n persoonlike verhouding met Christus,
- Leef in liefde teenoor ander Christene,
- Getuig teenoor die mense in die wêreld.

(1) Johannes 15:1-11. Bly in Christus.

Vers 4 sê: “Bly in My!” en vers 9: “Julle moet in My liefde bly!” Maar vers 5 en vers 7 sê: “Christus bly in ons” en “die woorde van Christus bly in ons”. Jesus Christus maak dit moontlik vir my om in Hom en in sy liefde te bly, omdat Hy en sy Woord in my bly! Alhoewel Christus eerste sy Woord tot my gespreek het en die eerste is om sy liefde aan my te openbaar, het ek die verantwoordelikheid om van my kant af my in te span om ’n persoonlike verhouding met Christus, sy liefde en sy Woord te behou.

(2) Johannes 15:12-17. Julle moet mekaar liefhê.

Vers 13 sê dat ‘mekaar liefhê’ beteken om elke dag vir andere te leef. Dit beteken dat ek my tyd, energie en besittings aan ander mense moet gee, sodat hulle die liefde van Christus deur my mag ervaar. Hierdie twee bevels kan nie van mekaar geskei word nie. Vers 10 sê dat as ek die gebooi van Christus gehoorsaam, ek in sy liefde sal bly. En vers 14 sê dat as ek sy gebooi gehoorsaam, ek sy vriend sal wees. Wat ek hieruit leer, is dat my verhouding tot Christus nie geskei kan word van my verhouding tot my broers en susters nie. Om Christus lief te hê beteken dus om ander Christene lief te hê. Om ander Christene nie lief te hê nie, beteken dus ook om Christus nie lief te hê nie. Om in die liefde van Christus te bly en mekaar lief te hê, kan nie van mekaar geskei word nie!

(3) Johannes 15:18-27. Getuig van Christus.

Jesus beveel sy dissipels om voortdurend teenoor mense in die wêreld van Hom te getuig. Die dissipels van Jesus Christus kon dit doen omdat hulle gedurende sy aardse verblyf saam met Christus was en omdat die Gees van Christus in hulle sou woon. So sal die Heilige Gees vandag en in die toekoms ook Christene gebruik as ’n instrument om te getuig oor Jesus Christus, oor wat Hy geleer en gedoen het en hoe verlore mense gered kan word en in ’n persoonlike verhouding tot Hom kan kom.

---

15:5

Ontdekking 2. Besef dat 'n Christen buite Jesus Christus om, niks kan doen nie.

Johannes 15:5 sê: “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.” Ek wil ’n Christen wees wat baie vrug vir God dra. Dit is alleen moontlik as ek in Jesus Christus bly en Hy in my bly. Sonder Jesus Christus kan ek miskien baie dinge doen (eet, loop, praat, ens.), maar kan ek niks doen wat ewigheidswaardes het nie!

Ek is nogal baie besig, maar dra my aktiwiteite wel vrug vir die ewigheid? Dit kan ek alleen glo as ek in Jesus Christus bly en Hy in my bly. Ek wil nie op ’n dag agterkom dat ek vir Christus op pad was nie, maar nie met Christus nie; dat ek baie besig was vir God, maar in werklikheid baie min blywende vrug gedra het.

**STAP 3. VRAAG.**

**UITLEG**

**Oorweeg.** WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 15:1-27 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

**Skryf neer.** Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

**Deel.** Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen ’n beurt kry om hulle vraag te lees.

**Bespreek.** Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

15:1 Vraag oor die wingerdstok.

Vraag 1. Wat is Johannes 15:1-17? Is dit net gewone onderrig? Is dit 'n gelykenis? Of is dit 'n allegorie?

**Aantekeninge.** ’n Voorbeeld van gewone onderrig in die Bybel is Johannes 14:15-27. ’n Voorbeeld van ’n gelykenis in die Bybel is Lukas 10:30-35. Voorbeelde van allegorieë in die Bybel is Johannes 10:1-16 en Johannes 15:1-17.

’n Gelykenis het net één hoofboodskap. In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan is die vraag nie: “Wie is my naaste?” nie, maar “Vir wie is ek ’n naaste?” Die belangrike boodskap is dus: “Jy is ’n naaste vir diegene aan wie jy barmhartigheid bewys.”

’n Allegorie is ’n *uitgebreide vergelyking* en het verskillende punte van vergelyking. Byvoorbeeld, in hierdie allegorie verteenwoordig ‘die boer’ God die Vader, ‘die wingerdstok’ Jesus Christus en ‘die lote wat (baie en blywende) vrug dra’ die ware Christene. Maar die lote wat nie aan die wingerdstok verbind is nie en daarom geen vrug dra nie, verteenwoordig die nie-Christene en die naam-Christene (die ongelowiges). Ware Christene dra altyd vrug! Maar nie-Christene (ongelowiges en naam-Christene) dra nooit vrug nie, selfs nie wanneer hulle nou aan Christus verbind is nie, soos byvoorbeeld ‘deur lidmaatskap van ’n kerkgenootskap’. Omdat die wingerdstok Christus en die lote ‘mense’ verteenwoordig, verteenwoordig die vrugte in die eerste plek ook mense: mense wat wedergebore Christene geword het en mense wat volwasse en funksionerende Christene geword het.

Die allegorie sê nie dat Jesus Christus 'n wingerdstok met lote en vrugte is nie. Dit impliseer dat die verhouding tussen Jesus Christus en mense voorgestel kan word as 'n wingerdstok met lote en vrugte. Ons moenie probeer om elke simbool in die allegorie 'n spesifieke betekenis te gee nie.

---

15:2 Vrae oor die vrugte.

Vraag 2. Hoe verklaar ons die skynbare onbarmhartige snoei van die boer?

**Aantekeninge.** Die Boer verteenwoordig God die Vader. Hy snoei die lote (die gelowiges). Hy snoei die verkeerde gewoontes en die ou natuur weg, sodat die gelowige nog meer vrug kan dra. Maar in vers 6 neem Hy die lote wat nog nooit vrug gedra het nie (d.w.s. die ongelowiges, naam-Christene) weg, en gooi hulle in die vuur en hulle word verbrand. Die snoei in vers 2 verteenwoordig dus die 'heiliging van gelowiges' in hierdie aardse lewe, maar die wegsnoei in vers 6 verteenwoordig die laaste oordeel by die wederkoms (vergelyk Matteus 3:10,12).

---

15:2

Vraag 3. Wat is die aard van die vrug wat Christene moet dra?

**Aantekeninge.** Die woord 'vrug' het in die Bybel verskillende betekenisse:

- Kolossense 1:6 praat oor 'die vrug van evangelisasie' (prediking van die evangelie) en verteenwoordig nuwe Christen-gelowiges.
  - Johannes 15:16 praat oor Christene se 'vrugte wat sal hou', dus oor ander Christene help om volwasse en funksionerende Christene te word wat nie terugval in hulle ou lewenswyse nie. Hierdie vrugte verteenwoordig nuwe Christen-dissipels.
  - Lukas 3:8 praat oor 'vrugte wat bewys dat Christene bekeer is' en verteenwoordig goeie werke van Christene.
  - En Galasiërs 5:22-23 praat oor 'die vrug van die Gees' en verteenwoordig christelike karakter. Dus, die vrugte wat Christene dus in afhanklikheid van die Heilige Gees moet dra, is: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.
- 

15:4

Vraag 4. Wie is die mense wat vrug dra?

**Aantekeninge.** Johannes 15:4 sê: "Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie." Die mense wat vrug dra is die mense wat so naby Jesus Christus lewe dat hulle Hom in hulle hart en lewe insluit en daagliks met Hom omgaan. Omdat Christus in hom bly, is hy waaksaam, ywerig en gaan hy steeds voort om vrug te dra.

---

15:5

Vraag 5. Wat sou die mate van vrugbaarheid wees?

**Aantekeninge.** Van Christene word verwag om baie vrug te dra (Johannes 15:5,8). Daarom snoei God hulle (Johannes 15:2). Die snoei dui op berisping, korrigering, dissiplinerende en deur moeilikhede te vorm. Van Christene word ook verwag om blywende vrug te dra (Johannes 15:16). Daarom help hulle jong Christene om dissipels van Christus te word (Matteus 28:19-20). Hulle wil die jong Christene help om nie terug te val in hulle ou lewe nie.

Sommige Christene dra honderdvoudig vrug, andere sestigvoudig en andere weer dertigvoudig (Matteus 13:23). Die rede waarom sommige Christene meer vrug dra as andere, het te make met die volgende:

- hulle is meer berouvol, betroubaar, lojaal, ywerig, moedig, of sagmoedig in hulle reaksie op God se Woord.
  - hulle is meer produktief as andere in hulle bediening van evangelisasie en dissipelmaking.
  - Of God het hulle 'n ander persoonlikheid, ander geestesgawes en ander omstandighede gegee. Net God Self is die Gewer en die Regter oor hierdie dinge.
- 

15:6

Vraag 6. Wie is die mense wat geen vrug dra nie?

**Aantekeninge.** Johannes 15:1-17 is 'n allegorie, 'n uitgebreide vergelyking. Dit sê nie dat Jesus 'n regte wingerdstok met lote en vrugte is nie. Dit impliseer dat die verhouding tussen Jesus Christus en Christene vergelyk kan word met 'n wingerdstok met lote en vrugte. Maar ons moenie elke kenmerk/eienskap van die simbool probeer uitlê nie. Die lote wat vrug dra verteenwoordig ware Christene.

Maar die lote wat geen vrug dra nie, verteenwoordig NIE mense wat aanvanklik Christene was en toe later afvallig geword het van die geloof nie. Die allegorie leer duidelik dat die dor lote wat afgesny en in die vuur gegooi word mense verteenwoordig **wat nooit vrug gedra het nie**, nie eens toe hulle in hulle in 'n naby-verhouding met Christus gestaan het nie! Hulle was nooit werklik (wedergebore) gelowiges nie en hulle 'in-Christus-verhouding' was net maar uiterlik. Die gevolgtrekking is dat hierdie allegorie NIE leer dat wedergebore Christene weer kan terugval en hulle verlossing (saligheid) kan verloor nie! Dit leer dat naam-Christene saam met opregte Christene in dieselfde gemeente kan leef

(Matteus 13:24-30, 36-43), maar terwyl die naam-Christene sonder vrug bly, dra die regte Christene altyd vrug. Die naam-Christene kom dus naby aan Christus, maar neem Hom nie as hulle Verlosser aan nie! Hulle het net 'n uiterlike en tradisionele verhouding met Jesus Christus. Hulle kan deelneem aan die christelike aktiwiteite, maar omdat Christus nie werklik in hulle leef nie, dra hulle geen vrug wat ewigheidswaarde het nie.

Jesus beklemtoon dus die verantwoordelikheid van elkeen wat naby Christus gebring word: As hy die Woord van God hoor en die verligting wat hy ontvang het, verwerp, dan kom daar 'n tyd dat God nie meer verder met hom werk nie!

- Die Heilige Gees sal nie verder met hom stry nie (Genesis 6:3)
- Sy gewete sal hom nie meer verder waarsku nie (Romeine 2;15)
- Sy hart sal verhard word (Matteüs 13:14-15)
- Hy hou aan om net dorings en distels te produseer (Hebreërs 4:7-8)
- Uiteindelik sal hy in die hel gewerp word (Matteüs 3:10,12).

---

15:7 Vraag oor bly in Christus.

Vraag 7. Wat beteken dit om in Christus te bly?

**Aantekeninge.** Jesus het gesê: “Julle moet in My bly” (Johannes 15:4) en “As julle in My bly en My woorde in julle ...” (Johannes 15:7). Om in Christus te bly, word verbind aan die woorde van Christus wat in die Christen moet bly! Jesus het ook gesê: “Julle moet in My liefde bly” (Johannes 15:9) en “As julle My opdragte uitvoer ...” (Johannes 15:10). Om in Christus te bly, word verbind aan die woorde van Christus wat die Christen moet gehoorsaam!

Alhoewel Christus die eerste is wat sy woorde tot die Christen spreek het en die eerste is wat aan die Christen sy liefde bewys, het die Christen die verantwoordelikheid om op sy woorde en liefde te reageer! Die Christen moet hom inspan om sy persoonlike verhouding met Christus in stand te hou, deur steeds sy woorde te gehoorsaam. Die Christen word beveel om Christus lief te hê “met sy hele hart en met sy hele siel en met sy hele verstand en met al sy krag” (Mark 12:30) en die onderrig van Christus in die lewenpraktyk in te bou. As 'n/enige mens dink dat hy 'n Christen is, maar hy het Christus nie regtig lief nie en gehoorsaam nie sy woorde nie, dan loop hy baie groot gevaar dat hy 'n dor loot kan wees wat uiteindelik in die vuur gegooi sal word.

---

15:3 Vraag oor die Woord.

Vraag 8. Wat doen die Woord in Christene?

**Aantekeninge.** Die Woord van Christus reinig Christene van hulle sondes, d.w.s. Christene word geregverdig (volkome vergewe) wanneer hulle volgens die Bybel die eerste keer in Jesus Christus en sy verlossingswerk glo.

---

15:7

Vraag 9. Wat is die verantwoordelikheid van die Christen t.o.v. die Woord van Christus?

**Aantekeninge.** Die verantwoordelikheid van die Christen is om die woorde van Christus 'n kans te gee om sy gedagtes en oortuigings, motiewe en verlangens, sy gesprekke en gedrag te beïnvloed.

- Die Christen het die verantwoordelikheid om dinge met die Bybel te doen (bv. daarna luister, lees, studeer, mediteer/oordink, memoriseer, toepas en deurgee) (Johannes 8:31-32)
- en die bykomende verantwoordelikheid dat die Bybel dinge in sy lewe verander (bv. sy denke en oortuigings, sy motiewe en verlangens, sy woorde en dade/gedrag) (Johannes 15:7)!

---

15:7 Vraag oor gebed.

Vraag 10. Wat is die verhouding tussen gebed en die Woord van Christus?

**Aantekeninge.** Johannes 15:7 sê: “As julle in My bly en My woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry.” Wanneer 'n Christen toelaat dat God se Woord sy denke, oortuigings, motiewe en dade beïnvloed en beheer, dan sal sy gebede ook effektief wees! Omdat die Christen nie vir dinge sal vra wat teen die Woord van God is nie, sal hy baie beantwoorde gebede hê! Dit is 'n baie groot belofte/versekering en aanmoediging vir Christene!

---

15:16

Vraag 11. Wat is die verhouding tussen gebed en vrugte dra?

**Aantekeninge.** Johannes 15:16 sê: “Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra.” 'n Ware Christen sal bid vir vrug en hy sal vrug dra in antwoord op gebed. As Christus Christene uitstuur om vrugte te dra wat sal bly (d.w.s. dissipels maak), dan besef hulle dat hulle hierdie opdrag net kan doen in die krag, wysheid en liefde van Christus. Daarom bid Christene vir moed en gehoorsaamheid om na mense te gaan en mense te help om ook vrugte te word wat bly. En Christus gee die groot belofte/versekering dat wanneer hy bid vir vrug wat sal hou, sal God vir hom gee wat hy vra.

15:9,12 Vraag oor gemeenskap/omgang met mekaar.

Vraag 12. Hoe kan Christene mekaar liefhê?

**Aantekeninge.** Johannes 15:1-11 sê dat ons in Christus en sy liefde moet bly. Vers 12-17 sê dat ons mekaar moet liefhê! Daarom is dit duidelik dat 'n Christen net andere kan liefhê as hy in Christus, en in die liefde van Christus, bly. Nêr as Christene hulself inspan om 'n lewende persoonlike verhouding met Christus te hê en voortdurend sy onderrig te gehoorsaam, sal Christus aan hulle die vermoë gee om mekaar lief te hê! In Markus 12:30 gee Christus aan Christene die opdrag om God en hulle naaste lief te hê soos hulleself. Maar in Romeine 5:5 word gesê dat God sy liefde deur die Heilige Gees in die harte van Christene stort, sodat hulle sy opdrag kan uitvoer. Wanneer God aan Christene 'n opdrag gee, dan gee Hy ook altyd aan hulle die vermoë om sy opdrag uit te voer! M.a.w. Hy bevéél liefde en Hy skénk liefde!

---

15:13

Vraag 13. Wat is die betekenis van 'groter liefde'?

**Aantekeninge.** Johannes 15:12-13 sê: "Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê." Die grootste liefde wat iemand kan toon, is wanneer iemand sy lewe vrywilliglik vir sy vriende aflê. Die grootste liefde van Jesus Christus het twee aspecte: Sy dood as 'n versoening (soenoffer) vir die sonde is uniek en kan nie nagevolg word nie, maar sy dood as 'n voorbeeld van selfopoffering kan wel nagevolg word.

Christus het aan die kruis gesterf as die soenoffer vir ons sondes. Hy het versoening (Engels: expiation) gemaak vir ons sondes, d.w.s., Hy het die straf vir ons sondes betaal en sodoende God se regverdige toorn oor ons sondes tot rus gebring. Hierdie "groter liefde" kan niemand naboots nie. Ond kan nie vir die sondes van ander mense sterf nie!

Maar tegelyk is sy liefde 'n onselfsugtige liefde, 'n selfopofferende liefde, 'n liefde wat ons alleen maar voordele bring en ons maak tot die beste mense wat ons ooit kan word! Hierdie (letterlik:) "groter liefde" kan wel nagevolg word. Jesus Christus beveel Christene om mekaar met hierdie liefde lief te hê. Christene moet mekaar met onselfsugtige liefde en selfopofferende liefde liefhê sodat die ander sy of haar beste vir God en ander mense kan word.

---

15:14 Vraag oor gehoorsaamheid.

Vraag 14. Wat is die verhouding tussen gehoorsaamheid en liefde?

**Aantekeninge.** Die praktiese manier om in Christus te bly, in sy liefde te bly en in sy vriendskap te bly is deur sy woorde te gehoorsaam! Maar ons gehoorsaamheid het nie eerste gekom nie. Ons het Hom nie uitgekies nie, maar Hy het ons uitgekies (Johannes 15:16). Christus het ons eerste liefgehad en het sy lewe vir ons afgelê. Daarna het God 'n ander persoon na ons toe gestuur om aan ons die evangelie te vertel. Toe ons die evangelie begin glo, het Hy die Heilige Gees en sy liefde in ons hart uitgestort (Romeine 5:5). En eers met sy liefde in ons hart kan ons sy woorde gehoorsaam en gehoorsaam ons dan ook sy woorde.

Deur sy woorde te gehoorsaam, skep Hy nog meer liefde in ons hart vir Hom (Johannes 14:21,23) en so begin 'n volgende, nuwe en selfs beter rondte van liefde! Met ander woorde, die liefde van Christus vir ons skep liefde vir Hom in ons hart. Ons liefde vir Hom lei tot gehoorsaamheid aan Hom. Ons gehoorsaamheid aan Hom lei tot nog meer liefde in ons hart vir Hom. Ons groter liefde vir Hom lei tot nog meer gehoorsaamheid aan Hom. En so gaan die ketting reaksie oneindig aan!

---

15:18 Vraag oor die wêreld.

Vraag 15. Wie is 'die wêreld'?

**Aantekeninge.** 'Die wêreld' is hier die gebied van die kwaad, die gemeenskap van slegte mense en hulle (politieke, militêre, sosiale, geregtelike, godsdienstige) instellings wat Jesus Christus en sy Koninkryk weerstaan. 'Die wêreld' is die domein/magsgebied van die satan (Kolossense 1:13; 1 Johannes 5:19), die mag en heerlikheid van die koninkryke van die aarde wat die Koninkryk van God teenstaan (Lukas 4:5-6). In die vroeër dae van die apostels was hierdie 'wêreld' verteenwoordig deur die Jode en hulle (godsdienstige en politieke) leiers wat God teengestaan het, Christus as Messias verwerp het, en die christelike Kerk/Gemeente vervolg het. Daarom het Jesus gesê dat die wêreld Christene uit hulle sinagoges (letterlik: plek van samekoms) sal uitwerp en selfs sal doodmaak (Johannes 16:2). Kort daarna bestaan 'die wêreld' uit soortgelyke mense uit alle volke op die aarde wat die God van die Bybel haat, Jesus Christus verwerp en Christene vervolg.

---

15:18

Vraag 16. Waarom haat die wêreld Christene so?

**Aantekeninge.** Die rede waarom die wêreld Christene haat, is omdat Christene wel 'in die wêreld' is (Johannes 17:11), maar nie meer 'tot die wêreld behoort nie' (Johannes 17:14). Die wêreld haat Christene omdat die wêreld Christus haat! Christus het Christene uit die wêreld uitgekies deur hulle weg van die wêreld af, en in sy Koninkryk in te trek (Kolossense 1:13). Christene wil die kwaad nie langer doen nie en laat ook die kwaad en korrupsie nie toe om

onbelemmerd (ongekontroleerd) voort te woeker nie. Christene bekeer hulle van die kwaad, preek teen die kwaad, bring die kwaad aan die lig, verdra nie langer die kwaad nie, maar stry teen die kwaad (en onreg). En die wêreld haat hierdie teenstand teen hulle bose planne/bedoelinge.

Die ongelowige wêreld is skuldig aan sonde, omdat hulle die woorde en daede van Jesus Christus, wat die God van die Bybel en sy geboorte baie duidelik geopenbaar het, *verwerp het* (Johannes 15:22). Die wêreld sien die lig en hoor die waarheid, maar hulle verwerp dit en bly in hulle harte verhard. Daarom word hulle sonde en haat ook nie vergewe nie! “Dit weet ons: alles wat Moses se wet (God se Woord, God se openbaring in die Bybel) sê, sê hy vir dié wat die wet het. Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God” (Romeine 3:19).

#### STAP 4. DOEN.

#### TOEPASSINGS

**Oorweeg.** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

**Deel en skryf neer.** Kom ons hou saam ‘n dinkskrum en maak ‘n kort lysie van moontlike toepassings uit Johannes 15:1-27.

**Oorweeg.** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

**Skryf neer.** As jy ‘n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie.

(Let wel dat hoewel ‘n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik ‘n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid

#### 1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 15:1-27.

15:2. Beskou berisping en korreksies as middele om jou te heilig, sodat jy nog meer vrug kan dra.

15:5. Hou elke dag stiltetyd en hou jou persoonlike vertroulike verhouding met God in stand. Hy sal jou baie vrug laat dra.

15:7. Laat die woorde van Christus jou denke en gedrag, jou houding en motiewe beïnvloed en jou verander.

15:9-10. Opregte liefde vir Christus lei tot gehoorsaamheid aan die onderrig en geboorte van Christus. En gehoorsaamheid aan Christus lei tot groter liefde vir Christus. Dus, laat jou liefde toeneem deur Christus met ywer te gehoorsaam.

15:13. Dink hoe jy jou lewe elke dag vir Christus en sy saak op aarde kan aflê.

15:16. Dink daaraan dat Christus jou uitgekies het en aangewys het om blywende vrug te dra.

15:21-23. Moenie verbaas wees as die wêreld jou haat nie, omdat die wêreld ook die God van die Bybel en Jesus Christus, die lig en die Waarheid haat.

#### 2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 15:1-27.

Ek vra God vir genade om my persoonlike verhouding met Hom steeds meer te ontwikkel. Ek wil genoeg tyd elke dag opsy sit om sy woorde te lees en te oordink hoe ek dit kan gehoorsaam. Ek glo dat gehoorsaamheid aan die woorde van Christus lei tot groter liefde vir Christus en tot baie vrug.

Ek vra God vir genade om meer vrug te dra en dit voortdurend te bly doen. Christus het my gered en tot ‘n lewende en vrugbare loot aan die wingerdstok gemaak. Sy lewe vloei in my deur die Heilige Gees en hierdie lewe laat my baie en blywende vrug dra. Daarom hou ek aan om my persoonlike verhouding met Christus steeds verder te ontwikkel deur gehoorsaamheid aan sy woorde, deur gebed, en deur sy ander kinders lief te hê.

#### STAP 5. BID.

#### REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 15:1-27.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

**5**

GEBED (8 minute)

[VOORBIDDING]

BID VIR ANDERE

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

**6**

VOORBEREIDING (2 minute)

[OPDRAGTE]

VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

*Deel* die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op ‘n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.

2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 15 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Hebreërs 8 - 10. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (15) Johannes 15:5. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.